Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

SEPTEMBER 2019

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye en ‘n 19 bladsy-antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag ŉ donker potlood of swart/blou ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon alle berekeninge tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die tabel hieronder as ŏn riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 20 punte; 10 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
BTW en Etiek	**Finansiële rekeningkunde** BTW **Bestuur van hulpbronne** Etiek

VRAAG 2: 40 punte; 20 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
Bankversoening en Interne Beheer	**Finansiële rekeningkunde** Bankversoening Krediteure-rekonsiliasie **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 3: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
Vervaardiging en Voorraad	**Bestuursrekeningkunde** Produksiekostestaat Voorraad Gelykbreek-analise en interpretasie **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 4: 85 punte; 55 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
Balansstaat, AARP en Ouditverslag	**Finansiële rekeningkunde** AARP-beginsels Balansstaat **Bestuur van hulpbronne** Ouditverslag en King Kode

VRAAG 5: 75 punte; 45 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
Vaste Bates, Kontantvloeistaat, Interpretasie en Analise	**Finansiële rekeningkunde** Kontantvloeistaat en notas Verhoudingsanalise en interpretasie **Bestuur van hulpbronne** Etiek

VRAAG 6: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp:	**Dit integreer:**
Kontantbegrotings	**Bestuursrekeningkunde** Kontantbegroting Interpretasie van projeksies Berekeninge en probleemoplossing

VRAAG 1: BTW EN ETIEK (20 punte; 10 minute)

1.1 KONSEPTE

Kies die korrekte woord(e) uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 (Vrygestelde items/Nulkoersitems) is items wat nie, volgens wet, belasbaar is nie. (1)

1.1.2 BTW is (indirekte/direkte) belasting. (1)

1.1.3 Wanneer ón besigheid goedere aankoop moet hulle (uitset-/inset-) BTW op hierdie items betaal. (1)

1.1.4 Die BTW-koers kan verander word deur die (SAID/Minister van Finansies). (1)

1.1.5 ón Maatskappy kan inset-BTW eis op geskenke wat hul aan kliënte gee. (Waar/Vals) (1)

1.2 PRO PARTY WINKEL

Jy word voorsien van inligting rakende Pro Party Winkel vir die BTW-periode wat op 28 Februarie 2019 eindig. Die standaard BTW-koers van 15% is van toepassing.

GEVRA:

1.2.1 Bereken die bedrag verskuldig aan SAID ten opsigte van BTW aan die einde van Februarie 2019 nadat die transaksies in aanmerking geneem is. (13)

1.2.2 Pro Party Winkel ondervind kontantvloeiprobleme en daar is nie geld beskikbaar om SAID te betaal nie. Die bankrekening is op 31 Januarie 2019 met R52 110 oortrokke. Die direkteure vra die rekenmeester om die verkopebedrag te verminder sodat die onderneming dan ón terugbetaling van SAID sal ontvang.

Moet die rekenmeester hierdie voorstel aanvaar? Gee EEN rede vir jou besluit. (2)

INLIGTING:

Transaksies vir Februarie:

A. Saldoês op 15 Februarie:
- BTW-uitsetrekening, R59 325
- BTW-insetrekening, R33 585

B. Koop skryfbehoeftes op krediet vir R3 220 (BTW R420).

C. Handelsvoorraad vir kontant verkoop, R30 800 (BTW uitgesluit).

D. Die bedrag verskuldig, R25 300, aan Dolfyn Handelaars is per tjek vereffen, minus 5% korting.

E. Koop 92 kostumes @ R500 elk (BTW ingesluit) van Funny Clothes Bpk. ontvang Faktuur 1702.

F. Stuur 10 foutiewe kostuums saam met Debietnota 87, terug aan Funny Clothes Bpk. Die BTW op hierdie terugsending het R560 beloop.

G. Die bank het ón debiteur se tjek vir R2 050 teruggestuur, gemerk ñV/Tòï onvoldoende fondse. Hierdie tjek is verlede maand ontvang ter vereffening van haar rekening van R2 280.

H. In Januarie is 4 kostuums aan ón laerskool verkoop vir R1 894. Die belastingfaktuur het BTW op die verkope as R247 aangetoon. Dit is na die grootboek as R427 oorgeboek.

20

LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO.

VRAAG 2: BANKVERSOENING EN INTERNE BEHEER (40 punte; 20 minute)

2.1 BANKVERSOENING EN INTERNE BEHEER

Jy word voorsien met inligting uit die rekords van Rose Boutique vir Januarie 2019.

GEVRA:

2.1.1 Volgens die Januarie Bankstaat, het Rose Boutique ón gunstige of ongunstige banksaldo? Gee ón rede vir jou antwoord. (2)

2.1.2 Bereken die Banksaldo-bedrag in die boeke van Rose Boutique op 31 Januarie 2019. Dui aan of hierdie saldo gunstig of ongunstig is. (7)

2.1.3 Die Versoeningstaat vir Januarie 2019 dui ón fout wat deur die bank gemaak is aan. Gee EEN voorbeeld van die tipe fout wat die bank kan gemaak het in hierdie spesifieke situasie. (2)

2.1.4 Daar is groot uitstaande depositoŝs op die Bankversoeningstaat wat deur die boekhouer voorsien is. By nadere ondersoek blyk dit dat hierdie fondse wel onderskeidelik op 20 en 25 Januarie 2019 deur die kassier ontvang is.

(a) Wat maak jou bekommerd aangaande die depositoŝs? (1)

(b) Gee TWEE oplossings om te verhoed dat dit nie weer in die toekoms gebeur nie. (4)

2.1.5 Rose Boutique het ón vooruitgedateerde tjek uitgereik nr. 510 (gedateer 15 April 2019). Verduidelik hoe hierdie tjek in die finansiële state op jaareinde, 28 Februarie 2019, hanteer sal word. (2)

INLIGTING:

A. BANKVERSOENINGSTAAT VAN ROSE BOUTIQUE OP 31 JANUARIE 2019

Debietsaldo volgens Bankstaat	41 200
Uitstaande deposito	52 780
Uitstaande deposito	39 800
Uitstaande tjeks:	
Nr. 195 (gedateer 18 Aug 2018)	420
Nr. 456 (gedateer 20 Nov 2018)	2 315
Nr. 510 (gedateer 15 April 2019)	1 620
Kredietbedrag foutiewelik gedebiteer op die Bankstaat	275
Saldo volgens die bankrekening in die Algemene Grootboek	?

2.2 KREDITEURE-REKONSILIASIE EN INTERNE BEHEER

'n Nuutaangestelde boekhouer van Molimo Handelaars ondervind probleme met die voorbereiding van die maandelikse Krediteure-rekonsiliasie, omdat die saldo van die Krediteurerekening in die Krediteuregrootboek nie ooreenstem met die rekeningstaat wat ontvang is van die verskaffer nie.

GEVRA:

2.2.1 Stel die Krediteure-rekonsiliasiestaat op 30 Junie 2019 op en bereken die korrekte saldo van Bailey Bpk. in die Krediteurgrootboek. (13)

2.2.2 **Verwys na Inligting D**.

Bereken die gemiddelde krediteurebetalingstermyn in dae. (5)

2.2.3 Verskaf TWEE interne beheermaatreëls wat deur 'n besigheid geïmplementeer kan word vir goeie interne beheer oor krediteure. (4)

INLIGTING:

A. **Krediteuregrootboek van Molimo Handelaars**

BAILEY BPK

Datum		Besonderhede	Debiet	Krediet	Saldo
Junie	01	Rekening gelewer			18 510
	07	Elektroniese betaling	9 000		9 510
		Korting ontvang	450		9 060
	15	Faktuur 5671		6 555	15 615
	16	Debietnota 121	900		14 715
	23	Faktuur 5801		7 835	22 550
	26	Faktuur 6011		5 800	28 350
	29	Elektroniese betaling	10 000		18 350
		Korting ontvang	500		17 850

B. **Rekeningstaat ontvang van Bailey Bpk**

BAILEY BPK

REKENINGSTAAT **Datum: 25 Junie 2019**

Masukhane Straat 498 Tel. 033 345 6901

Pietermaritzburg, 3201 Fax. 033 333 1455

REKENING VAN: MOLIMO HANDELAARS Rekeningnommer: 09/7412

Datum		Besonderhede	Debiet	Krediet	Saldo
Junie	01	Rekening gelewer			18 510
	07	Kwitansie		9 000	9 510
		Korting		900	8 610
	15	Faktuur 5671		6 900	1 710
	16	Debietnota 121		900	810
	20	Faktuur 5780	3 320		4 130
	23	Faktuur 5801	5 985		10 115

C. Addisionele inligting:

(a) Die korting, soos gereflekteer op 7 Junie, is korrek op die rekeningstaat.

(b) Handelskorting van 5% is afgetrek op Faktuur 5671. Bailey Bpk. het nie hierdie korting in berekening gebring nie. Hulle het ook ón fout begaan met die boekstawing van Faktuur 5671.

(b) Na ón ondersoek is gevind dat die faktuur wat op 20 Junie uitgereik is, verwys na ón aankope wat gemaak is deur ón ander besigheid.

(c) Faktuur 5801, soos gereflekteer op 23 Junie op die rekeningstaat, is verkeerd.

(d) Daar is sommige inskrywings wat in die Krediteuregrootboek verskyn, maar nie in die maandelikse rekeningstaat nie, omdat hierdie transkasies ná die datum van die rekeningstaat plaasgevind het.

D. Inligting op 28 Februarie 2019 (jaareinde):

Koste van verkope	R720 000
Kredietaankope vir die jaar	R416 100
Kontantaankope vir die jaar	R180 000
Krediteurekontrole saldo (1 Maart 2018)	R50 000
Krediteurekontrole saldo (28 Februarie 2019)	R64 000

40

VRAAG 3: VERVAARDIGING EN VOORRAADSTELSELS (50 punte; 30 minute)

3.1 Identifiseer EEN kosterekening vir elk van die beskrywings uit die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

veranderlike koste; fabrieksbokoste; direkte arbeidskoste; indirekte arbeidskoste; direkte materiaalkoste; indirekte materiaalkoste; verkoops- en verspreidingskoste; vaste koste; administrasiekoste

3.1.1 Koste bly dieselfde selfs wanneer die aantal items vervaardig, verander.

3.1.2 Koste vir die aankoop van rou materiaal wat nie direk in die vervaardiging van die produk betrokke is nie.

3.1.3 Oninbare skuld vir die rekeningkundige periode.

3.1.4 Verkoops- en verspreidingskoste asook direkte materiaalkoste en direkte arbeidskoste word ook na verwys as é

3.1.5 Huuruitgawe vir die kantoor vir die rekeningkundige periode. (5)

3.2 **N'SYNC VERVAARDIGERS**

Jy word voorsien van inligting rakende N'Sync Veraardigers, 'n onderneming wat hartmonitors vir atlete vervaardig. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2019.

GEVRA:

3.2.1 Bereken die waarde van die rou materiaal voorhande op 28 Februarie 2019, deur gebruik te maak van die geweegdegemiddelde-metode. (4)

3.2.2 Bereken die waarde van die direkte materiaal uitgereik aan produksie. (3)

3.2.3 Berei die nota vir Fabrieksbokoste voor. (12)

3.2.4 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019, op. Toon alle berekeninge in hakies. (14)

INLIGTING:

A.

Voorraad voorhande	28 Februarie 2019	28 Februarie 2018
	R	R
Indirekte materiaalkoste	2 730	4 500
Goedere-in-bewerking	?	65 050
Klaarprodukte	80 500	101 450

B. Direkte materiaal:

	Eenhede	Totale Bedrag
Voorraad voorhande op 1 Maart 2018	500	55 000
Aankope:	9 020	1 135 000
Jun 2018	1 250	137 500
Sept 2018	4 560	592 800
Des 2018	3 210	404 700
Totaal beskikbaar vir produksie	**9 520**	**1 190 000**
Voorraad voorhande op 28 Februarie 2019	**560**	**?**

C. Ander koste:

	R
Direkte arbeidskoste	467 720
Fabrieksbokoste	616 280
Verkoops- en verspreidingskoste	16% van verkope
Administrasiekoste	92 500
Verkope	6 282 375
Koste van klaarprodukte verkoop	2 512 950

D. Die volgende items moet nog in berekening gebring word:

- Indirekte materiaal

  Indirekte materiaal aangekoop gedurende die jaar beloop, R260 000.

  Op jaareinde is gevind dat indirekte materiaal in die fabriek ter waarde van R1 750 gesteel is. Die materiaal is verseker en die versekering sal R1 130 in Maart 2019 uitbetaal. Geen inskrywing is gemaak rakende die diefstal nie. Die netto verlies met diefstal moet hanteer word as ón Administrasie koste.

  Indirekte materiaal gebruik, word verdeel tussen die fabriek-, administrasie- en verkoops-en-verspreidingsafdelings in die verhouding 1 : 1 : 3.

- Die maandelikse versekering het met 10% verhoog op 1 Januarie 2019. Die jaarlikse versekering betaal beloop R124 992 en dit sluit die versekering wat vooruitbetaal is vir Maart en April 2019 in. Versekering van R59 520 is geallokeer aan die verkoops-en-verspreidingsafdeling en R7 440 aan administrasie.

- Salaris- en loonuitgawes beloop:

Direkte arbeid	Bruto salaris en lone	Aftrekkings	Bydraes	
			Mediese-fonds	WVF
Fabriek	312 850	15 750	7 002	2 428

3.3 CRAFTY WOOD

Crafty Wood is ŉ klein vervaardigingsonderneming wat houtprodukte met laser uitgesny, vervaardig.

GEVRA:

3.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Oktober 2018. (6)

3.3.2 Bereken die eenhede vervaardig en verkoop vir 2018. (2)

3.3.3 Verduidelik of jy dink die eienaar, Jenny, moet bekommerd wees of nie oor die winsgewendheid en vlak van produksie van haar onderneming. Gee TWEE redes en ondersteun jou antwoord deur gepaste syfers aan te haal. (4)

INLIGTING:

A. Elke jaar word al die goedere wat hulle vervaardig, verkoop.

B. Inligting geneem uit die finansiële rekords van Crafty Wood:

	31 Oktober 2018	
	Totale koste	**Eenheids-koste**
Direkte materiaalkoste	607 750	R5,50
Direkte arbeidskoste	508 300	R4,60
Verkoops- en verspreidingskoste	182 325	R1,65
Fabrieksbokoste	548 410	
Administrasiekoste	247 500	

	31 Oktober 2018	**31 Oktober 2017**
Verkoopsprys per eenheid	R18,85	R15
Eenhede vervaardig en verkoop	?	98 000
Gelykbreekpunt	?	78 000

50

VRAAG 4: BALANSSTAAT, AARP EN OUDITVERSLAG (85 punte; 55 minute)

4.1 AARP-BEGINSELS

Kies 'n AARP-beginsel in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (Aï F) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Bates van ón besigheid word teen die oorspronklike kosprys aangeteken.	A	omsigtigheid
4.1.2	Alle relevante inligting moet duidelik aangedui word in die finansiële state van ón besigheid.	B	paring
4.1.3	Inkomste en uitgawes moet in die korrekte finansiële periode opgeteken word.	C	besigheidsentiteit
4.1.4	Finansiële state word voorberei met die aanname dat die besigheid nie in die nabye toekoms sal ophou sake doen nie.	D	wesenlikheid
4.1.5	Die eienaar en die besigheid word as twee aparte entiteite gesien vir rekeningkundige doeleindes.	E	historiese koste
		F	lopende saak

(5 x 1) (5)

(Sien VRAAG 4.2 op die volgende bladsy.)

4.2 SAHARA BEPERK

Die inligting voorsien het betrekking op Sahara Bpk. vir die jaar geëindig 30 Junie 2019. Sahara Bpk. het ón gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 gewone aandele.

GEVRA:

4.2.1 Berei die volgende notas tot die Balansstaat voor:

(a) Gewone aandelekapitaal (10)

(b) Behoue inkomste (13)

4.2.2 Voltooi die Balansstaat (Staat van finansiële posisie) op 30 Junie 2019. Toon berekeninge. (46)

INLIGTING:

A. Gewone aandelekapitaal:

- 700 000 gewone aandele is uitgereik op 1 Julie 2018 vir ón totale waarde van R2 100 000.
- Die maatskappy besluit om 30 000 aandele van ón ontevrede aandeelhouer op 1 Oktober 2018 teen R9 per aandeel terug te koop. ón Elektroniese oorbetaling is op dieselfde dag aan die aandeelhouer gemaak. Hierdie aandele kwalifiseer nie hierna vir enige dividende nie.
- ón Verdere 100 000 nuwe gewone aandele is uitgereik op 1 Maart 2019 teen R7 per aandeel.

B. Dividende:

- ón Interim dividend van 20 sent per aandeel is op 31 Desember 2018 betaal.
- ón Finale dividend van 35 sent per aandeel is verklaar op 30 Junie 2019 en sal betaal word in Augustus 2019.

C. Netto wins en inkomstebelasting:

- Die korrekte netto wins voor inkomstebelasting vir die jaar geëindig op 30 Junie 2019 is bereken as R1 250 000. Dit is nadat al die aansuiwerings in berekening gebring is.
- Inkomstebelasting word bereken teen 28% van die netto wins.

D. Saldo's in die boeke op 30 Junie 2019:

	R
Behoue inkomste	799 660
Krediteurekontrole	720 000
Debiteurekontrole	530 000
Krediteure vir salarisse	35 500
Opgelope inkomste	24 000
Kontant in die bank	66 000
Vaste deposito	?
SAID: Inkomstebelasting (voorlopig)	400 000

E. Vaste deposito:

- ón Vaste deposito van R175 000 verval op 31 Januarie 2020.

F. Lening: Kwaliteit Bank:

	R
Saldo aan begin van finansiële jaar	300 000
Rente gekapitaliseer gedurende die jaar	8 000
Terugbetalings, insluitend rente, gedurende die jaar.	56 000

- Kapitaalgedeelte van lening wat afbetaal word in die volgende finansiële jaar bly dieselfde as die huidige jaar.

G. Vaste bates:

- Grond en geboue se kosprys op 1 Julie 2018 is R1 275 000.
  Die volgende faktuur is nog nie aangeteken nie:
  Verbetering aan grond en geboue: R300 000
  Herstelwerk aan grond en geboue: R120 000
- Die drawaarde van voertuie op 30 Junie 2019 was R720 000.
- Alle toerusting is gekoop op 1 Januarie 2016 teen R600 000. Waardevermindering word bereken teen 15% per jaar op die kosprysmetode.

H. Huurinkomste:

- Huurinkomste vooruitontvang vir Julie en Augustus 2019 beloop R17 000.

I. Finansiële aanwysers op 30 Junie 2019:

- Die bedrysverhouding is 1,5 : 1

4.3 OUDITVERSLAG

Jy word voorsien van uittreksels uit die onafhanklike ouditverslae van Giovanni Bpk.

REQUIRED:

4.3.1 Gee EEN rede waarom publieke maatskappye ekstern geoudit moet word. (2)

4.3.2 Watter tipe verslag het Giovanni Bpk. van die onafhanklike ouditeure ontvang? Verduidelik jou antwoord. (3)

4.3.3 **Verwys na Inligting B.**

Een van die direkteure sê dat "die maatskappy nie moet geld mors op dinge soos dié nie." Gee DRIE redes teen sy opinie. (6)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Onafhanklike Ouditverslag:

> Na ons mening is hierdie finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die finansiële posisie van Giovanni Bpk. soos op 31 Maart 2019, in ooreenstemming, met Internasionale Finansiële Verslagdoening-standaarde ("IFRS") en die vereistes van die Maatskappywet (wet 71 van 2008) van Suid-Afrika.

B. Die volgende uittreksel het verskyn in die Direkteursverslag van Giovanni Bpk.:

> Ingevolge die uitreikprogram het Giovanni Bpk. 'n sportakademie vir die plaaslike gemeenskap opgerig. Die maatskappy bied sportgeriewe aan skole en onderhou die sportterrein.

85

VRAAG 5: VASTE BATES, KONTANTVLOEISTAAT, INTERPRETASIE EN ANALISE
(75 punte; 45 minute)

5.1 VASTE BATES

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019 geneem uit die boeke van Bontle Bpk., ŏn publieke maatskappy wat op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE) genoteer is.

GEVRA:

5.1.1 Bereken die kosprys van die afleweringsvoertuig wat op 31 Augustus 2018 ingeruil is (4)

5.1.2 **Verwys na Inligting A**

Bereken die ontbrekende syfers soos aangedui deur (i)-(iv) op die vaste bate nota (14)

INLIGTING:

A. Onvoltooi Vastebatenota op 28 Februarie 2019:

	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting
DRAWAARDE AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR	5 715 000		
Kosprys	5 715 000	1 120 000	200 000
Opgehoopte waardevermindering	(0)	(460 000)	(171 000)
BEWEGINGS			
Byvoegings	(ii)	450 000	65 000
Verkoop	(i)	(iii)	
Waardevermindering		(153 000)	(iv)
DRAWAARDE AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR	6 015 000		
Kosprys	6 015 000	1 270 000	265 000
Opgehoopte waardevermindering	(0)		

B. Vaste/Tasbare bates

Grond en geboue

ŏn Sekuriteitskantoor, kosprys R400 000, is in 'n brand heeltemal vernietig. In plaas daarvan om die ou sekuriteitskantoor te herstel, is die versekeringseis en addisionele fondse gebruik om 'n nuwe sekuriteitskantoor op 'n ander plek op die terrein te bou.

Voertuie

ón Afleweringsvoertuig wat op 1 Maart 2017 gekoop is, is ingeruil op 31 Augustus 2018 vir 'n nuwe voertuig wat R450 000 gekos het.

Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode afgeskryf.

Toerusting

Bontle Bpk. het ón afrolmasjien op 1 Junie 2016 gekoop.
Op 1 Desember 2018 het die maatskappy 'n nuwe afrolmasjien gekoop ter waarde van R65 000. Geen toerusting is gedurende die jaar verkoop nie.

Waardevermindering op toerusting word teen 18% p.j. op die kosprysmetode afgeskryf.

5.2 KONTANTVLOEISTAAT

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2019 geneem uit die boeke van Mandla Bpk., ón publieke maatskappy wat op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE) genoteer is.

GEVRA:

Maak gebruik van die templaat voorsien om die volgende gedeeltelike notas tot die Kontantvloeistaat te voltooi:

5.2.1 Versoening tussen wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenereer (17)

5.2.2 Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite (13)

5.2.3 Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Augustus 2019:

Verkope	R600 000
Waardevermindering	43 200
Rente op lening	R12 900
Inkomstebelasting	R60 000
Netto wins na belasting	R90 000

B. Uittreksel uit die Balansstaat op 31 Augustus 2019:

	2019	2018
	R	R
Handelsvoorraad	126 150	153 750
Verbruiksgoedere voorhande	7 850	0
Handels- en ander ontvangbares	28 000	36 000
Kontant- en kontantekwivalente	6 800	16 400
Gewone aandelekapitaal	550 000	440 000
Behoue Inkomste	72 000	32 000
Lening	76 000	96 000
Handels- en ander betaalbares	74 800	83 700
Oortrokke bank	60 000	0

C. Notas tot die finansiële state:

	2019	2018
	R	R
1. HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARES		
Debiteurekontrole	23 000	36 000
Vooruitbetaalde uitgawes	1 400	0
SAID: Inkomstebelasting	2 800	0
2. HANDELS- EN ANDER BETAALBARES		
Krediteurekontrole	54 000	63 000
Opgelope uitgawes	0	700
Aandeelhouers vir dividende	20 000	12 000
SAID: Inkomstebelasting	0	8 000

D. Rente op lening word gekapitaliseer.

E. Geen aandele is teruggekoop nie.

5.3 **INTERPRETASIE EN ANALISE**

Jy word voorsien van inligting rakende Radebe Bpk. vir die finansiële jaar geëindig op 31 Desember 2018.

GEVRA:

5.3.1 Lewer kommentaar op die volgende finansiële aanwysers, en gee EEN moontlike rede vir die verandering in elkeen. Haal syfers aan.

(a) % bruto wins op die koste van verkope. (3)

(b) % bedryfsuitgawes op verkope. (3)

LET WEL: Die beoogde winsopslag is 60% op kosprys.

5.3.2 Van 2017 na 2018 het die direkteure 'n weldeurdagte besluit geneem om die beleid oor die verdeling van wins in die vorm van dividende, te verander. Verduidelik hierdie verandering. Haal syfers of berekeninge aan om jou antwoord te staaf. (4)

5.3.3 Aandeelhouers is tevrede met die uitreikprys van die nuwe aandele. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om die stelling te staaf. (4)

5.3.4 Een van die direkteure voel dat die lening so gou as moontlik terugbetaal moet word. Stem jy saam? Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan om jou opinie te staaf. (5)

5.3.5 Die aandeelhouers behoort tevrede te wees met hul opbrengs op hul belegging en die maatskappy se verdienste. Verduidelik TWEE finansiële aanwysers met syfers om hierdie opinie te staaf. (4)

INLIGTING:

Die volgende finansiële aanwysers is bereken:

AANWYSERS	31 Desember 2018	31 Desember 2017
% bruto wins op koste van verkope	56%	47%
% bedryfsuitgawes op verkope	18%	23%
Opbrengs op aandeelhouersbelang	20%	9,5%
Opbrengs op kapitaal aangewend	26%	16%
Skuld/ekwiteitsverhouding	0,06 : 1	0,28 : 1
Verdienste per aandeel	50 sent	42 sent
Dividende per aandeel	28 sent	42 sent
Netto batewaarde per aandeel	648 sent	525 sent
Rentekoers op lening	18%	13%
Rentekoers op belegging	7%	6%
Uitgereikte prys van nuwe aandele	873 sent	798 sent
Markwaarde per aandeel op die JSE	763 sent	853 sent

75

VRAAG 6: KONTANTBEGROTINGS **(30 punte; 20 minute)**

U word voorsien van 'n onvolledige Kontantbegroting van Jackson Handelaars vir die tydperk 1 Julie 2019 tot 31 Augustus 2019. Die besigheid word besit deur Terry Jackson.

GEVRA:

Bestudeer die Kontantbegroting en beantwoord die volgende vrae:

6.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Augustus 2019 (6)

6.2 Bereken die ontbrekende bedrae soos aangedui deur **(i)** tot **(iv)** op die Kontantbegroting. (11)

6.3 **Verwys na Inligting A en E.**

Die werkers is ontevrede met die verhogings wat hulle in Augustus 2019 sal ontvang. Hulle het ook aangedui dat hulle in Oktober 2019 sal staak as die eienaar nie aandag gee aan hulle ontevredenheid nie.

Gee EEN rede (met syfers) wat die eienaar kan gebruik om die verhoging wat hy toegestaan het aan die werkers in Augustus 2019, te regverdig. (4)

6.4 **Verwys na Inligting A en G.**

Die eienaar benodig jou kommentaar rakende die nuwe voertuig.

Afgesien van die deposito en die maandelikse paaiement van R6 250, verduidelik hoe die volgende Kontantbegroting geraak gaan word. Noem DRIE punte. (3)

6.5 **Verwys na Inligting H.**

Aan die einde van Augustus 2019 is die volgende syfers geïdentifiseer. Die eienaar het vir jou gevra om aan hom te verduidelik waarom die begrote en werklike bedrae van sekere items so drasties van mekaar verskil.

Lewer kommentaar op die beheer van die volgende items gedurende September 2019. Gee EEN punt advies aan Terry in verband met elke item.

6.5.1 Advertensies (3)

6.5.2 Verpakkingsmateriaal (3)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir die twee maande geëindig op 31 Augustus 2019:

Ontvangste	**JULIE**	**AUGUSTUS**
Kontantverkope van voorraad	64 800	50 400
Invorderings van debiteure	46 440	
Huurinkomste	7 500	8 250
Addisionele kapitaal bygedra		100 000
Kommissie-inkomste		
TOTALE ONTVANGSTE		
Betalings		
Kontantaankope van handelsvoorraad	18 000	**(i)**
Betalings aan krediteure	**(ii)**	51 300
Salaris: Boekhouer	18 000	19 800
Salaris: Vyf werkers	32 000	32 960
Telefoon	3 500	3 750
Verpakkingsmateriaal	5 860	4 000
Advertensies	18 000	12 000
Versekering	**(iii)**	2 904
Afleweringskoste (betaalbaar aan MJ Aflewerings)	10 800	8 400
Ander bedryfsuitgawes		
Onttrekkings	25 000	25 000
TOTALE BETALINGS		
Kontant surplus/tekort	(22 600)	
Banksaldo aan die begin van die maand	(10 200)	**(iv)**
Banksaldo aan die einde van die maand		(120 000)

B. Verkope, koste van verkope en debiteure-invordering:

(a)	**VERKOPE**		**KOSTE VAN VERKOPE**	
	R		**R**	
	Begroot	**Werklik**	**Begroot**	**Werklik**
Mei	105 000	78 000	70 000	52 000
Junie	123 000	89 100	82 000	60 000
Julie	108 000		72 000	
Augustus	84 000		?	

(b) 60% van die totale verkope is kontant.

(c) Kredietverkope word soos volg ingesamel:
- 20% ingesamel in die maand van verkope om óf 5% korting te kry
- 70% ingesamel in die eerste maand na die verkope
- 8% ingesamel in die tweede maand na die verkope
- Die saldo word afgeskryf in die derde maand wat volg op die maand van verkope.

C. Afleweringskoste

- Alle verkoopte goedere word gratis aan kliënte gelewer.
- Die afleweringskoste word teen 10% van verkope begroot.

D. Voorraadvlakke en betalings aan krediteure

- Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 50% op kosprys.
- Die onderneming handhaaf 'n vaste basisvoorraad deur voorraad maandeliks te vervang.
- 75% van die totale aankope is op krediet.
- Krediteure word betaal in die maand wat volg op die maand van aankope om voordeel te trek uit 'n 5% korting.

E. Salarisse

- Die werkers sal in Augustus 2019 'n verhoging van 3% ontvang.
- Die boekhouer sal ook 'n verhoging in Augustus 2019 ontvang.

F. Versekering

- Die versekeringspremie word aan die einde van elke maand betaal.
- Die maandelikse premie sal op 1 Augustus 2019 met 10% styg.

G. Besonderhede rakende afleweringskoste en die nuwe voertuig

Die eienaar meen dat hy in September 2019 eerder 'n afleweringsvoertuig moet koop om sy kontantvloei te verbeter en dus MJ Aflewerings se dienste moet staak.

Mnr. Jackson sal 'n deposito van 10% uit die besigheid moet betaal. Sy pa het ingestem om rentevrye finansiering te verskaf vir die balans van die koste. Hy sal sy pa R6 250 per maand oor 36 maande moet terugbetaal.

H. Begrote en werklike bedrae op jaareinde September 2019

	Begroot	Werklik	Variasie
Verkope	R80 000	R72 000	(R8 000)
Verpakkingsmateriaal	R4 000	R7 200	R3 200
Advertensies	R12 000	R5 000	(R7 000)

30

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou